# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE ORIËNTERING

## 1.1 INLEIDING

Terapeute[*] moet dikwels as deskundiges in die hof verslag doen en vrae soos die volgende beantwoord: Is die kind mishandel? Het seksuele misbruik plaasgevind? Wie is die oortreder? Daar moet antwoorde in die hof verskaf word ten opsigte van wat gebeur het. Die terapeut moet ook uitsprake maak ten opsigte van die verhoudings en bindings binne die kind se lewe en aanbevelings ten opsigte van die verdere versorging van die kind doen. Hierdie proses waar die hof met behulp van wetgewing ingryp in ‘n kind se lewe en moet besluit oor die versorging van die kind, staan bekend as die statutêre proses (Skelton, 1998: 126).

Gewoonlik word die kind deur 'n volwassene na die terapeut verwys of gebring. Maatskaplike werkers is geneig om inligting ten opsigte van die kind by die ouer, volwassenes of ander rolspelers en laastens by die kind te kry. Toepaslike inligting in verband met die kind en sy unieke belewenis van sy leefwêreld kan net bekom word deur die kind te assesseer. Die nodige inligting kan slegs bekom word en sinvolle aanbevelings gemaak word indien terapeute oor die nodige kennis en vaardighede beskik. Hierdie kennis en vaardigheid word soos volg deur Timberlake & Cutler ( 2001: 137) uitgespel:

> *The science of assessment is based in the substantive knowledge base of the clinical social worker; the art, in the ability to create a therapeutic alliance within which to elicit information not only about the developmental, familial, and situational facts, but also the feelings, relationships, and psychosocial climate in which the facts are embedded.*

Om die nodige inligting te bekom moet die terapeut dus die vermoë besit om sowel die kind, as die situasie holisties te benader. Inligting wat vanuit verskillende bronne verkry word, is van belang, maar die terapeut moet altyd onthou dat die assessering ten opsigte van die *kind* is en dat wat die *kind* bied die belangrikste is. Oaklander (1988: 184) wat Gestaltterapie as teoretiese verwysingsraamwerk gebruik, stel dit duidelik dat die fokus die kind moet wees soos hy[•] hom tydens die terapeutiese situasie aanbied, want anders word daar met ander se persepsies, interpretasies, bevindings en soms onregverdige oordele gehandel.

---

[*] Die term terapeut en maatskaplike werker word afwisselend in hierdie ondersoek gebruik.

[•] Die manlike term word deurgaans tydens die ondersoek gebruik, alhoewel die persoon manlik of vroulik kan wees.


Maatskaplike werkers en spelterapeute vanuit ander dissiplines is nie altyd toegerus om die verlangde assesserings te doen nie. Hierdie onvermoë kan toegeskryf word aan 'n gebrek aan die nodige kennis en vaardigheid ten opsigte van assessering. Deur die behoeftes vas te stel wat daar by maatskaplike werkers ten opsigte van assessering bestaan, was die navorser in staat om die gebrek aan kennis en vaardigheid by maatskaplike werkers te identifiseer. Leemtes wat deur maatskaplike werkers in bestaande assesseringsriglyne ervaar word, is uitgelig. Die Gestaltterapeutiese benadering is tydens die literatuurstudie bestudeer, en die benuttingswaarde van die benadering as 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering is ondersoek.

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die motivering vir die keuse van die onderwerp, die probleem-formulering, doelstelling en doelwitte van die ondersoek, die navorsingsvraag, navorsingsmetodiek, navorsingsontwerp en -prosedures asook die werkswyse wat gevolg is. Verder word aandag gegee aan die uitvoerbaarheid van en die leemtes van die studie, omskrywing van etiese aspekte, definiëring van hoofkonsepte en aan die indeling van die navorsingsverslag.

## 1.2 MOTIVERING

Die motivering vir die navorsingsondersoek kan skematies soos volg voorgestel word:

**FIGUUR 1: Faktore in die praktyk wat ‘n rol speel in die motivering vir die navorsing**




Die navorser het as maatskaplikewerkbestuurder by SAVF (Suid-Afrikaanse Vrouefederasie) Limpopo-Provinsie bewus geword van sekere tendense ten opsigte van die statutêre proses. ‘n Voortdurende

vraag na hoe om kinders te assesseer en 'n behoefte aan uitbreiding van bestaande riglyne het aanleiding gegee tot hierdie studie. Die volgende vier aspekte beklemtoon hierdie tendense:

- **Ten eerste** is dit duidelik dat ondersoeke ten opsigte van beweerde sorgbehoewendheid toeneem. Die huidige welsynsbeleid in Suid-Afrika lê klem op maatskaplike ontwikkeling waartydens voor-komingsdienste en vroeë ingryping op gemeenskapsvlak die fokus van dienslewering moet wees. Die praktyk bewys egter dat daar daagliks 'n toename in die statutêre gevallelading van maatskaplike werkers is.

  Die SAVF-statistiek in tabel 1 het die navorser se waarneming ten opsigte van dienste aan kinders bevestig (SAVF, 2004: 9).

  **TABEL 1: SAVF-dienste aan kinders in 2001-2004 gelewer**

| DIENSTE | 2004 | 2003 | 2002 | 2001 |
|---|---|---|---|---|
| Kinderhofsake geopen | 706 | 463 | 439 | 298 |
| Kinderhofsake gefinaliseer | 392 | 277 | 310 | 222 |
| Kinders betrokke by statutêre optrede | 1 324 | 744 | 813 | 710 |
| Kinders betrokke by voorkomende en nie-statutêre dienste | 3 306 | 1 653 | 1 584 | 2 031 |
| Kinders waaraan dienste gelewer is | 12 361 | 11 499 | 9 897 | 8 633 |

  Dit is egter nie net in Suid-Afrika dat die tendens bestaan dat maatskaplikewerkdienslewering aan kinders toeneem nie. Wêreldwyd neem die uitbuiting van kinders geweldig toe. Volgens Aldridge & Wood (1998: 9) was daar in die Verenigde Koninkryk in die tagtigerjare 'n twaalfvoudige verhoging van aanmeldings van geweld teen kinders, terwyl daar 'n vyf en vyftigvoudige verhoging van aanmeldings van geweld teen kinders in die VSA in die negentigs was. Die feit dat daar 'n toename is in dienste aan kinders veroorsaak dat meer en meer assesserings gedoen moet word.

- **Ten tweede:** Kinders vertel nie noodwendig vir ander wanneer hulle getraumatiseer is nie. Soms sal belangrike persone in die kind se lewe baie lank onbewus wees van dit wat die kind beleef of waaraan hy blootgestel is. Wanneer die kind dan onder die aandag van 'n terapeut of maatskaplike werker kom, is dit nodig om inligting ten opsigte van die trauma en die kind se belewenis daarvan te bekom. Die inligting word bekom deur die kind te assesseer.

  Merrell (1999: 10) definieer assessering soos volg: *"Assessment, in the broad view, is a process whereby information is gathered regarding a specific problem or issue."* Assessering van 'n kind

kan gesien word as die insameling van inligting om dit wat die kind sê, te bevestig of om inligting te bekom wat die kind nie kan of wil verskaf nie.

In hierdie hele proses moet aan artikel 28 van die Grondwet ( Wet no. 108 van 1996) voldoen word en moet die beste belang van die kind altyd voorop gestel word (Grondwet van Suid-Afrika, 1997: 7). Daar word spesifieke eise gestel aan alle dissiplines wat met kinders werk – veral gesien in die lig van die feit dat die gemeenskap al meer en meer bewus word van die regte van kinders. Dit word onder meer geïllustreer deur die Konsep-Wetsontwerp op Kinders (Children's bill, 2003) wat gedurende November 2003 ter tafel gelê is, waarmee gepoog gaan word om kinders te beskerm teen verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting. Dit lê die klem op die noodsaaklikheid van sinvolle en korrekte assessering van kinders betrokke by die statutêre proses. Dit is ook duidelik uit gesprekke met verskillende rolspelers in die statutêre proses dat daar gehuiwer word om besluite ten opsigte van kinders se toekoms te maak indien daar nie eers 'n formele assessering gedoen is nie.

- **Derdens** is dit nodig dat daar 'n spesifieke teoretiese benadering gebruik word wanneer 'n kind geassesseer word. Sodoende kan die terapeut begrippe, konsepte en optrede teoreties verantwoord en is daar sprake van 'n teoretiese verwysingsraamwerk. Die navorser is van mening dat die Gestaltbenadering die nodige verwysingsraamwerk kan bied. Wanneer 'n kind deel word van die statutêre proses, word hy in sy totaliteit deur die trauma daarvan beïnvloed en sy gedagtes, gevoelens en gedrag word aangetas.

  Gestaltterapie is 'n mens- en, prosesgeoriënteerde terapie wat klem lê op die integrasie van die persoon as geheel en sintuie, liggaam, emosies en intellek insluit. Die doel van assessering is om vas te stel wat gebeur het en hoe dit die kind nou beïnvloed. Gestaltterapie sluit nou hierby aan aangesien klem op die hier en nou gelê word asook op die ontwikkeling van bewustheid by die kind (Thompson & Rudolph, 2000: 167).

- **Laastens** het dit uit praktykervaring van die navorser (as supervisor vir die afgelope sewe jaar) duidelik na vore gekom dat maatskaplike werkers bepaalde behoeftes het ten opsigte van assessering. Maatskaplike werkers het ook sekere leemtes in bestaande assesseringsriglyne geïdentifiseer. Die navorser is van mening dat Gestaltterapie as 'n teoretiese verwysingsraamwerk vir assessering kan dien. Tydens assessering is dit nodig om die kind bewus te maak van dit wat die trauma veroorsaak, sodat die kind hierdie inligting met die terapeut kan deel. Gestaltterapie lê klem op sensoriese kontak, bewusmaking, die maak van keuses en die neem van

verantwoordelikheid vir die self wat aansluit by die doel van assessering. Blom (2004: 74) sluit hierby aan met haar omskrywing van Gestaltterapieassessering:

> *The goal of assessement is based on the three objectives of gestalt play therapy, namely to determine the child's level of awareness of his or her own process, the child's level of self–support and also unfinished business that contribute to the child's functioning in a fragmented way, and not as an integrated whole.*

Hierdie ondersoek is dus daarop gerig om aandag te gee aan 'n behoefte in die praktyk. Die navorser wil vasstel wat die leemtes in bestaande assesseringsriglyne is en wat maatskaplike werkers se spesifieke behoeftes ten opsigte van assessering is.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Probleemformulering dien as 'n padaanduiding vir die navorser. Nie alleen word dit wat ondersoek word aangedui nie, maar die grense van die navorsing word ook gestel ( Blaikie, 2000: 45). Neuman het egter 'n ander mening en sien probleemformulering of die navorsingsvraag as deel van die proses of oorbrugging van die navorsingsonderwerp tot by die vorming van die hipotese (Neuman, 1997: 122 – 123). Creswell (2003: 80) definieer die navorsingsprobleem as: *"A research problem is the issue that exists in the literature, in theory, or in practice that leads to a need for the study."*

Die volgende probleme kan geïdentifiseer word:

- Alhoewel daar assesseringsriglyne bestaan, word dit nie ten volle deur maatskaplike werkers benut nie. Dit kan wees weens leemtes wat in die riglyne bestaan of as gevolg van die maatskaplike werkers se gebrek aan kennis en vaardigheid, of as gevolg van 'n kombinasie van beide redes. Potgieter (1993: 1) beklemtoon die feit dat maatskaplike werkers nie altyd weet wat om te doen om 'n kind te assesseer nie. Nie alleen is daar onsekerheid ten opsigte van die assesseringsproses nie, maar die navorser is van mening dat daar ook sekere leemtes bestaan in bestaande assesseringsriglyne.
- Die feit dat bestaande assesseringsriglyne binne die statutêre proses nie deur 'n bepaalde teoretiese benadering ondersteun word nie, beperk die benuttingswaarde van die riglyne. Dit bring mee dat inligting nie verklaar kan word binne 'n bepaalde teoretiese verwysingsraamwerk nie. Merrell (1999: 3) beklemtoon die feit dat dit noodsaaklik is om enige assessering te fundeer

op 'n spesifieke teoretiese benadering. Die motivering hiervoor is dat die implikasies van die geassesseerde probleem gekoppel moet word aan 'n intervensieplan. Sonder 'n spesifieke teoretiese benadering word die rol van die terapeut ook afgeskaal. *"Without an underpinning theoretical framework for conceptualizing behavior, professionals conducting assessments move out of the scientist-practitioner mode, and relegate their conduct to the role of technician"* (Merrell, 1999: 9). Assessering is dus 'n wetenskaplike proses wat vanuit 'n bepaalde teoretiese verwysingsraamwerk gerugsteun moet word.

Die probleemstelling kan as volg saamgevat word:

> As gevolg van 'n gebrek aan 'n teoretiese verwysingsraamwerk by bestaande assesseringsriglyne word die kind tydens die statutêre proses benadeel.

## 1.4 DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van die ondersoek is die bepaling van wat deur die ondersoek bereik gaan word. Fouché (2002a : 107) haal die definisie van doel uit Webster's Third International Dictionary aan:*" the end toward which effort or ambition is directed: aim, purpose."* Die doel staan dus in verband met dit wat as einddoel vir die studie gevisualiseer word.

Die doel wat met hierdie studie bereik wil word:

> Om die moontlike leemtes wat in bestaande assesseringsriglyne is, asook die behoeftes wat by maatskaplike werkers ten opsigte van assessering bestaan, as gevolg van 'n gebrek aan kennis en vaardighede, vas te stel. Om daardeur vanuit die Gestaltterapie 'n raamwerk vir 'n assesseringsriglyn vir die kind in die statutêre proses voor te stel.

Die doelwitte om bogenoemde te bereik, is dan

- om deur middel van 'n volledige literatuurstudie ten opsigte van assessering, die kind, en die statutêre proses, 'n kennisbasis ten opsigte van assessering daar te stel (Hoofstuk 2).
- om deur middel van 'n volledige literatuurstudie ten opsigte van Gestaltterapie, 'n teoretiese verwysingsraamwerk te identifiseer wat kan dien as moontlike uitgangspunt vir assessering (Hoofstuk 3).
- om met behulp van 'n vraelys aan maatskaplike werkers, 'n fokusgroepgesprek, asook onderhoude met rolspelers in die statutêre proses die leemtes te identifiseer in bestaande

assesseringsriglyne en die behoeftes vas te stel wat maatskaplike werkers het ten opsigte van assessering (Hoofstuk 4).

- om aan die hand van sowel die literatuur as empiriese data aanbevelings te doen in die vorm van ‘n voorgestelde raamwerk vir assessering (Hoofstuk 5).

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

In die ondersoek word daar ‘n navorsingsvraag en nie ‘n hipotese geformuleer nie. Volgens De Vos (2002a: 36) is ‘n navorsingsvraag die antwoord op die vrae “wat”, “watter”, “hoekom” en “hoe”. Hierdie vrae gee aan die navorser die geleentheid om op een sentrale fenomeen of belangstelling te konsentreer en te ondersoek of te beskryf (Blaikie, 2000: 60 –61 en Creswell, 2003: 116). Die navorser wil ‘n “watter”-vraag beantwoord met hierdie ondersoek.

Deur die navorsingsvraag is die navorser in staat om te fokus op dit waartoe die navorsing lei en wat die verwagte uitkoms kan wees. Blaikie (2000: 60) beklemtoon die nodigheid van ‘n navorsingsvraag wanneer hy dit soos volg stel: *“ … a research project is built on the foundation of its research questions.”*

Die volgende navorsingsvrae gee aanleiding tot die ondersoek:

- Watter leemtes is daar in bestaande assesseringsriglyne en watter behoeftes ondervind maatskaplike werkers ten opsigte van assessering?
- Tot watter mate bied Gestaltterapie ‘n teoretiese verwysingsraamwerk vir ‘n assesseringsriglyn?

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

In praktyk word navorsing in twee breë benaderings verdeel, naamlik die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering (Blaikie, 2000: 231). Kwantitatiewe navorsing lê klem op die normatiewe en poog om die sosiale werklikheid objektief te verklaar. Fouché & Delport (2002a: 79) definieer kwantitatiewe navorsing soos volg:

> *A quantitative study may therefore be defined as an inquiry into a social or human problem, based on testing a theory composed of variables, measured with numbers and analysed with statistical procedures in order to determine whether the predictive generalisations of the theory hold true.*

In teenstelling met die kwantitatiewe benadering is die kwalitatiewe benadering nie objektief nie maar wel subjektief en probeer dit die mens binne sy sosiale konteks verstaan. Daar word van interpretasie gebruik gemaak en dis holisties van aard. Fouché & Delport (2003: 79) verduidelik die benadering soos volg: *"The Qualitative research paradigm on its broadest sense refers to research that elicits participant's account of meaning, experience of perceptions. It thus involves identifying the participant's own written or spoken words".*

Alhoewel daar in dié navorsingsondersoek hoofsaaklik van die kwalitatiewe benadering gebruik gemaak word, is kwantitatiewe data gebruik om die kwalitatiewe beskrywing aan te vul.

Volgens Fouché & Delport (2002: 81-82) en Neuman (1997: 329) het kwalitatiewe navorsing die volgende kenmerke:

- **Epistemologiese grondslag of kennisontwikkeling in die fenomenologie.**
  Wanneer die kennisbasis in die positivisme is, beteken dit dat data as presiese, betroubare en meetbare inligting weergegee word, wat in die kwantitatiewe benadering gebeur (Neuman, 1997 :328). In díe ondersoek word data ten opsigte van die assessering van die kind versamel en die navorser gee vanuit haar eie unieke verwysingsraamwerk betekenis daaraan. Daar word nie gepoog word om assessering te verklaar nie maar om die proses van assessering en bestaande leemtes en behoeftes te verken en te beskryf deur die gebruik van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe metodes, naamlik 'n literatuurstudie, 'n gestruktureerde vraelys, 'n semi-gestruktureerde fokusgroepbespreking en semi–gestruktureerde onderhoude.

- **Die doel is om 'n gedetailleerde beskrywing van die sosiale werklikheid,** naamlik die behoeftes en leemtes wat maatskaplike werkers ondervind tydens die assessering van kinders, saam te stel.
  In die ondersoek gebruik die navorser beskrywings om dit wat ondersoek word, weer te gee. Neuman (1997: 329) beskryf die proses as: *"...a qualitative researcher focuses on subjective meanings, definitions, metaphors, symbols, and descriptions of specific cases."* Die navorser het dus die kwalitatiewe proses gebruik om die leemtes en behoeftes soos wat dit deur die respondente ervaar word, te verken, te beskryf en te definieer.

- **Induktiewe vorms van beredenering word benut.**

  Deduktiewe redenering beteken om van die algemene na die spesifieke te redeneer terwyl induktie-we redenering van die spesifiek na die algemene is. Babbie (1992: G2 & G3) definieer deduksie en induksie as:

  > *Deduction: The logical model in which spesific expectations of hypotheses are developed on the basis of general principles.*
  > *Induction: The logical model in which general principles. are developed from spesific observations.*

  Die navorser het die spesifieke data wat vanaf die populasie verkry is, in kombinasie met die literatuurgegewens, gebruik om ‘n raamwerk vir ‘n assesseringsriglyn, wat algemeen toepaslik en benutbaar in praktyk kan wees, voor te stel.

- **Dit is geskik vir navorsing in 'n onbekende terrein om die fenomeen te verstaan.**

  Assessering van die kind tydens die statutêre proses is ‘n onderwerp wat sover bekend, nog nie breedvoerig nagevors is nie en dié benadering leen hom daartoe om dit te ondersoek.

- **Die deelnemers se natuurlike taal word benut om die ware ervaring van hulle wêreld te bekom.**

  Die navorser het dit wat werklik gebeur, weergegee. Data wat deur middel van vraelyste, besprekings onderhoude en van respondente verkry is, word in die navorsingsverslag weergegee.

- **Die navorsing is buigbaar en uniek gedurende die proses van navorsing.**

  Geen vasgestelde stappe word deur die navorsing gevolg nie en die navorsingsontwerp kan dus nie presies herhaal word nie (Fouché & Delport, 2002: 81).

- **Bronne van data word bepaal deur inligtingsbronne.**

  Observasies word aangepas om begrip te vergemaklik. Meting word op 'n ad hoc-wyse geskep en is soms spesifiek van toepassing op ‘n situasie of navorser. Metodes van dataversameling is uniek aan die spesifieke ondersoek en kan aangepas of gewysig word volgens die behoefte (Fouché & Delport, 2002: 81). Die navorser het verskillende metodes van data-insameling gebruik, naamlik ‘n literatuurstudie, ‘n vraelys, fokusgroepbesprekings en onderhoude. Die

vraelys wat benut is, is nie ‘n bestaande vraelys nie, maar is spesifiek ontwikkel om data tydens die ondersoek in te samel.

Vraelyste is ‘n kwantitatiewe metode van dataversameling en is tydens die ondersoek gebruik om die kwalitatiewe data te ondersteun. De Vos (2002b: 365) noem die kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodologie triangulasie. Triangulasie vind plaas wanneer die navorser van verskillende metodes gebruik maak om al die aspekte van ‘n ondersoek waar te neem. De Vos (2002b: 365) beskryf triangulasie as: *“… the use of multiple methods of data collection with a view to increasing the reliability of observation, and not specifically to the combination of quantitative and qualitative approach.”* Volgens Neuman (1997: 151) vind triangulasie plaas wanneer iets vanuit ver-skillende hoeke en oogpunte beskou word om sy ware posisie raak te sien. In sosiale navorsing is dit die gebruik van verskillende data-insamelingstegnieke om dieselfde veranderlike te bestudeer. Blaikie (2000: 270) spreek hom egter soos volg teen triangulasie uit:

> *The distortion in its adaptation from surveying and navigation, the vagueness in the manner in which it has been formulated, the naivety with respect to differences in ontological assumptions, the tendency to impose a single, absolutist ontology on multiple socially constructed realities, and the problems of interpreting convergent and divergent results, make the triangulation of methods and data a very doubtful activity.*

Die navorser stem nie saam met Blaikie se standpunt nie en is van mening dat die gebruik van kwantitatiewe data om kwalitatiewe data aan te vul en te ondersteun die betroubaarheid van die ondersoek kan verhoog.

Metingstriangulasie, triangulasie van waarnemers, triangulasie van teorie en triangulasie van metodes is verskillende tipes van triangulasie (De Vos, 2002a: 341 – 342). Daar is dus van triangulasie as metode gebruik gemaak omdat die navorser kwantitatiewe data in kombinasie met kwalitatiewe data gebruik. Cresswell (2003: 209) verwys na die kombinering van die twee metodes as die gemengdemetodeontwerp. Hy onderskei verskillende strategieë in die metode. Om die spesifieke strategie te bepaal wat gebruik gaan word, moet die navorser die volgende vier vrae beantwoord (Cresswell, 2003: 211):

- Watter volgorde gaan gevolg word tydens die ondersoek ten opsigte van die implementering van kwalitatiewe en kwantitatiewe data-insameling?

- Hoe gaan die insameling en analisering van kwalitatiewe en kwantitatiewe data geprioritiseer word?
- Op watter stadium tydens die navorsingsproses gaan die kwalitatiewe en kwantitatiewe data en bevindings geïntegreer word?
- Gaan 'n oorkoepelende teoretiese perspektief tydens die ondersoek gebruik word?

Die opeenvolgende verkennende strategie is tydens hierdie ondersoek gevolg, aangesien kwantitatiewe data gebruik word om die kwalitatiewe bevindings te interpreteer (Cresswell, 2003: 215).

- **Die ontleding is holisties en konsentreer op die verhouding tussen elemente en kontekste.**
  Die geheel is altyd meer as die som van die elemente. Inligting vanuit die literatuurstudie, vraelys, fokusgroepbespreking en onderhoude is as 'n geheel ontleed en toegepas. Sodoende is die verhouding tussen die elemente weergegee (vergelyk Fouché & Delport, 2002: 81).

- **Betekenis word gegee nadat inligting bekom is**.
  Die navorser gee die behoeftes van maatskaplike werkers weer, integreer die inligting met die literatuurstudie en data wat bekom is uit die vraelys, fokusgroepbespreking en onderhoude met kenners en ander rolspelers en hieruit word 'n raamwerk vir assessering voorgestel (vergelyk Neuman, 1997: 329).

- **Konsepte is in die vorm van temas, motiewe, veralgemenings en taksonomies**.
  Die induktiewe metode van beredenering lei die navorser, wat direk betrokke is by die navorsing, om neutraal te bly in die insameling en analisering van konsepte wat deur middel van woorde, aanhalings en ontledings beskryf word. Induktiewe redenering beteken dat konsepte, veralgemenings, riglyne en teorieë daargestel word op grond van patrone in die data (Neuman, 1997: 329). In die ondersoek het die navorser die data wat verkry is van die respondente gebruik om 'n raamwerk vir assessering, wat in die praktyk toegepas kan word, voor te stel.

- **Data is in die vorm van dokumente, waarnemings en transkripsies**.

## 1.7 SOORT NAVORSING

Daar kan onderskei word tussen basiese en toegepaste navorsing. Toegepaste navorsing gebruik verworwe inligting om spesifieke praktiese aangeleenthede te stel. Blaikie (2000: 49) beskryf toegepaste navorsing soos volg: *"Applied research is concerned with practical outcomes, with trying to solve some*

*practical problems, with helping practitioners accomplish tasks, and with the development and implimentation of policy."*

Tydens hierdie ondersoek is daar van toegepaste navorsing gebruik gemaak. 'n Spesifieke probleem, naamlik die behoeftes en leemtes wat deur maatskaplike werkers ervaar word ten opsigte van assessering, is gebruik vir die daarstel van 'n raamwerk vir 'n riglyn vir assessering wat op Gestaltterapiebeginsels gebaseer is. Die ondersoek het die kennis ten opsigte van die assessering van kinders tydens die statutêre proses uitgebrei. Die raamwerk behoort aan die gebruiker die geleentheid te bied om Gestalt-spelvorme, -tegnieke en spelmediums te benut. Neuman (1997: 22) beklemtoon die praktiese gebruik van toegepaste navorsing : *" ...its main strength is its immediate practical use."*

Hierdie ondersoek is gedoen omdat daar min kennis rondom die behoeftes en leemtes van maatskaplike werkers in die praktyk ten opsigte van assessering bestaan, en dit kan as verkennende of ondersoekende navorsing beskryf word. Yegidis, Weinbach & Morrison-Rodrigues (1999: 110) sluit hierby aan wanneer hulle die primêre doel van verkennende navorsing so stel: *" Exploratory and descriptive designs primarily seek understanding of a problem and of factors that are associated with it."*

Volgens Babbie (1992: 90) en Fouché & De Vos (2002: 139) word verkennende navorsing om drie redes gedoen, naamlik:

- om die navorser se nuuskierigheid en behoefte aan beter begrip van 'n onderwerp te bevredig
- die onderwerp is relatief nuut of nie in diepte bestudeer nie.
- om die moontlikheid van 'n meer uitgebreide studie te ondersoek
- om metodes te ontwikkel en te verfyn wat in latere en meer omvattende studies gebruik kan word.

As gevolg van praktykervarings wou die navorser vasstel wat maatskaplike werkers se behoeftes ten opsigte van assessering is. Na aanleiding van die geïdentifiseerde behoeftes sal vas gestel kan word of 'n assesseringsriglyn vanuit die Gestaltbenadering hierdie behoeftes sal kan opvang. Indien wel, kan so 'n voorgestelde assesseringsriglyn ontwikkel en getoets word in verdere navorsing.

## 1.8 NAVORSINGSSTRATEGIE

'n Navorsingsontwerp word by kwantitatiewe navorsing gebruik terwyl 'n navorsingsstrategie gebruik word wanneer kwalitatiewe navorsing gedoen word (Fouché, 2002a: 271). Aangesien hierdie hoofsaaklik 'n kwalitatiewe studie is, word daar van 'n navorsingsstrategie gebruik gemaak.

Die navorsingsstrategie verwys na die benadering wat die navorser gebruik om ‘n bepaalde ondersoek te doen. Fouché (2002a: 271) haal Creswell (1998) aan om strategie te verduidelik: *“ the entire process of research from conceptualizing a problem, to writing the narrative”.* Fouché (2002a: 271) self beskryf die navorsingstrategie as die opsies wat vir die navorser beskikbaar is om sekere verskynsels te bestudeer deur sekere formules te gebruik wat toepaslik is om die spesifieke doel van die navorsing te bereik. Die tipe navorsingstrategie word bepaal deur die doel van die navorsing, die aard van die navorsingsvraag en die vaardighede en hulpbronne van die navorser.

Tydens die navorsing is van gegronde teorie gebruik gemaak word. Fouché (2002a: 273) haal Creswell aan om te verduidelik wat die navorser in gegronde teorie doen: *“The researcher in this type of study generates an abstract analytical schema of a phenomenon, i.e. a theory that explains some action, interaction or process.”*

Data is ingesamel en geanaliseer ten opsigte van die Gestaltterapieteorie, en die behoeftes wat by maatskaplike werkers bestaan ten opsigte van assessering van kinders. Op grond van die data wat ingesamel is, is ‘n raamwerk vir assessering vanuit die Gestaltterapieteorie voorgestel wat in die praktyk benut kan word.

Creswell (2003: 14) definieer gegronde teorie as ‘n strategie waartydens die navorser poog om ‘n algemene, abstrakte teorie of ‘n proses, aksie of interaksie af te lei van die menings van die respondente in die studie. Die navorser begin nie by nuwe teorie of inligting nie, maar wel by dit wat relevant is tot die navorsing. Daar word nie begin met ‘n teorie wat bewys moet word nie, maar wel met ‘n spesifieke onderwerp wat bestudeer word en inligting word geleidelik versamel en geanaliseer. Hier is sprake van die veralgemening van teorie eerder as die toetsing van teorie (Fouché, 2002a: 273).

Die navorser het, na aanleiding van die data wat ingesamel en geanaliseer is, vanuit ‘n reeds bestaande teoretiese raamwerk ‘n raamwerk vir assessering vir benutting in die praktyk voorgestel. Daar is dus vanuit die Gestaltteorie veralgemeen, eerder as om die Gestaltteorie te toets.

Die kleiner komponent van kwantitatiewe navorsing is vanuit die verkennende ontwerp toegepas. Fouché & De Vos ( 2002: 139) verwys na Bless & Higson-Smith (1995) wanneer die doel van verkennende ondersoek as die verkryging van insig in ‘n verskynsel, situasie, gemeenskap of persoon beskryf word. Die kwantitatiewe navorsingsontwerp wat gebruik word, is die een-groep-posttoets-alleen-ontwerp (Fouché & De Vos, 2002: 139). Hierdie ontwerp impliseer dat spesifieke inligting op ‘n deeglike wyse ingesamel word, en dat die inligting ten opsigte van ‘n spesifieke teikengroep bekom word. Die data kan nie ten opsigte van ‘n ander groep of populasie veralgemeen word nie.

## 1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

Die navorser volg sekere stappe wanneer navorsing gedoen word. Die navorser kan self besluit watter stappe gevolg gaan word, maar die besluit moet net gemotiveer word (Fouché & Delport, 2002: 85).

Fouché & Delport (2002: 85 – 92) stel die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsprosesmodelle in vyf fases en twaalf stappe voor. Die eerste twee fases is dieselfde by beide benaderings maar vanaf fase 4 is daar verskille. Die stappe word skematies in figuur 2 aangedui.

**FIGUUR 2: Die maatskaplike navorsingsproses (Fouché & Delport, 2002: 85)**

| | |
|---|---|
| FASE 1: KEUSE VAN NAVORSINGSONDERWERP | |
| **STAP 1: IDENTIFISERING VAN NAVORSINGSONDERWERP** | |
| FASE 2: FORMELE FORMULERING | |
| Stap 2: Bepaal watter benadering die mees geskikte is vir die navorsing | |
| Stap 3: Formulering van navorsingsvraag of hipotese | |
| Stap 4: Opstel van die navorsingsvoorstel | |
| FASE 3: BEPLANNING | |
| Stap 5: Indiepte-literatuurstudie | Stap 5: Kies 'n paradigma en die plek van literatuurstudie |
| Stap 6: Kies ‘n navorsingsontwerp | Stap 6: Kies ‘n navorsingsstrategie |
| Stap 7: Kies die metodes van dataversameling en ontleding. | Stap 7: Kies die metodes van inligting insameling en ontleding. |
| Stap 8: Kies ‘n steekproefplan | Stap 8: Raamwerk vir die ontwikkeling van die steekproef |
| FASE 4: IMPLEMENTERING | |
| Stap 9: Doen ‘n loodsondersoek | Stap 9: Besluit watter elemente van ‘n loodsondersoek is van toepassing |
| Stap 10: Doen die hoofondersoek | Stap 10: Insameling van materiaal, rekords en die litera-tuurstudie |
| FASE 5: INTERPRETASIE EN AANBIEDING | |
| Stap11: Prosesseer en analiseer data, interpreteer resultate | Stap11: Prosesseer en analiseer data, verifieer resultate |
| Stap 12: Skryf van navorsingsverslag | Stap 12: Skryf van navorsingsverslag |

Die navorsingsproses is soos volg deur die navorser toegepas:

## 1.9.1 FASE 1: KEUSE VAN NAVORSINGSONDERWERP

Die keuse van die navorsingsonderwerp is die eerste stap in die navorsingsproses.

### 1.9.1.1 Stap 1: Identifisering van navorsingsonderwerp

Die identifisering van die navorsingsonderwerp vind plaas deur waarneming in praktyk en bestudering van die onderwerp in die literatuur (Fouché & Delport, 2002: 86). Hiertydens word die probleem geïdentifiseer. Die navorsingsonderwerp is gekies na bewuswording van probleme in die praktyk. 'n Uitgebreide literatuur-studie het die probleem verder bevestig.

## 1.9.2 FASE 2: FORMELE FORMULERING

Die fase word in die volgende drie stappe verdeel.

### 1.9.2.1 Stap 2: Bepaal watter benadering die mees geskikte is vir die navorsingsproses

Die navorser assesseer verskeie navorsingsbenaderings en die mees geskikte benadering vir die navor-singstudie word bepaal. Die navorser maak die keuse of sy 'n kwantitatiewe of kwalitatiewe of gekombineer-de navorsing gaan volg (Fouché & Delport, 2002: 87). Tydens hierdie ondersoek is op die gekombineerde benadering besluit, alhoewel die kwalitatiewe komponent die grootste gewig gedra het.

### 1.9.2.2 Stap 3: Formulering van die navorsingsprobleem of vrae of hipotese

Tydens dié stap word die navorsingsvraag geformuleer (Fouché & Delport, 2002: 87). Die volgende vrae is deur die navorser geformuleer:

- Watter leemtes is daar in bestaande assesseringsriglyne en watter behoeftes ondervind maatskaplike werkers ten opsigte van assessering?
- Tot watter mate bied Gestaltterapie 'n teoretiese verwysingsraamwerk met betrekking tot assessering?

#### 1.9.2.3 Stap 4: Opstel van die navorsingsvoorstel

Die navorsingsvoorstel is die formele in-detail-stel van die navorsingsprobleem of vrae met die doel om die navorser te laat registreer as nagraadse student en of om aansoek te doen vir fondse om die navorsing te voltooi (Fouché & Delport, 2002:87). Die navorsingsverslag is die finale stap in die navorsingsmetologie.
Ná stap 4 verskil die stappe van die navorsing in kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Die navorser bespreek slegs die stappe wat van toepassing is in kwalitatiewe navorsing, aangesien dit die grootste komponent van data-insameling uitmaak.

### 1.9.3 FASE 3: BEPLANNING

Beplanning van die kwalitatiewe proses word in die onderstaande vier stappe verdeel (Fouché & Delport, 2002: 89 - 90).

#### 1.9.3.1 Stap 5: Die keuse van 'n paradigma en die rol van die literatuurstudie

Hierdie stap is veral belangrik aangesien dit die daaropvolgende stappe bepaal. Die literatuurstudie speel 'n belangrike rol en dien as riglyn vir die navorsing (Fouché & Delport, 2002: 266). Hoofstukke 2 en 3 van die navorsingsverslag is ‘n teoretiese literatuurstudie.

#### 1.9.3.2 Stap 6: Kies van ‘n navorsingsstrategie

Die doel van die kwalitatiewe navorsing, navorsingsvrae, die vaardigheid en bronne beskikbaar wat tot die navorser se beskikking is, bepaal die verskillende strategieë. Elke strategie het sy eie metode van data-insameling en tegnieke vir dataontleding. Die hele proses is uniek in elke navorsingstudie (Fouché & Delport, 2002: 90). Die navorsingsstrategie wat gekies is, is gegronde teorie.

#### 1.9.3.3 Stap 7: Kies van metodes van inligtinginsameling en -ontleding.

Hierdie stap verwys dikwels na die beplanning van veldwerk. Die navorser besluit oor inligtinginsameling en -ontleding (Fouché & Delport, 2002: 90). In dié navorsing word van die volgende metodes gebruik gemaak:

- **Literatuurstudie** wat fokus op assessering, die kind, die statutêreproses en Gestaltterapie.
- **‘n Gestruktureerde vraelys** soos ingevul deur die maatskaplike werkers van die SAVF wat statutêre diens lewer, om die behoeftes en leemtes ten opsigte van assessering by maatskaplike werkers vas te stel.
- **‘n Semi–gestruktureerde fokusgroepbespreking** met maatskaplike werkers wat statutêre diens lewer waartydens leemtes en behoeftes ten opsigte van assessering in die praktyk geïdentifiseer is.
- **Semi–gestruktureerde onderhoude met kenners en rolspelers in die statutêre proses** soos ‘n Kommissaris van kindersorg en ‘n kanalisasiebeampte in diens van die Departement van Welsyn om inligting te kontroleer vanuit die perspektief van ander rolspelers in die statutêre proses.

#### 1.9.3.4 Stap 8: Raamwerk vir die ontwikkeling van die steekproef

In die kwalitatiewe navorsing is dit noodsaaklik om inligting in te samel van die beskrywing van die persoon en plek asook bronne te identifiseer wat ryk is aan inligting (Fouché & Delport, 2002: 91).

In die ondersoek is van ‘n steekproef gebruik gemaak. Die populasie is al die maatskaplike werkers in diens van die SAVF is, en die steekproef die maatskaplike werkers in diens van die SAVF is wat statutêre werk doen. Hierdie respondente en ander bronne van inligting soos bespreek is, was in staat om die nodige rykdom van inligting te verskaf.

### 1.9.4 FASE 4: IMPLEMENTERING VAN KEUSES

Die implementering van keuses word deur twee stappe gedoen.

#### 1.9.4.1 Stap 9: Besluit watter elemente van ‘n loodsondersoek is van toepassing

Die navorser moet besluit tydens dié stap watter elemente van ‘n loodsondersoek toegepas gaan word. In kwalitatiewe navorsing is dit nie altyd moontlik om ‘n loodsondersoek te doen nie as gevolg van die aard van die respondente (Fouché & Delport, 2002: 91).

Verskillende skrywers gebruik verskillende terminologie om hierdie stap te beskryf. Neuman (1997: 141) gebruik die terme loodsondersoek, voorondersoek en replikasie as wisselvorme, terwyl Babbie (1990)

volgens Strydom (2002b: 211) onderskei tussen die terme voorondersoek en loodsondersoek. Die eerste verwys na die toetsing van een of meer aspekte van die onderwerp terwyl die tweede 'n afgeskaalde navorsingsondersoek aandui. Tydens die ondersoek is 'n voorondersoek gedoen. Die voorondersoek word in 1.10.1 bespreek.

#### 1.9.4.2 Stap 10: Insameling van materiaal, rekords en die literatuurstudie

Al die besluite ten opsigte van die materiaal word tydens dié stap geïmplementeer. Die data moet onmiddellik gedokumenteer word om akkuraatheid te verseker. Uit die literatuurstudie word daar 'n raamwerk saamgestel vir die interpretasie van die navorsingsresultate (Fouché & Delport, 2002: 91).

### 1.9.5 FASE 5: INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Interpretasie en aanbieding is die laaste twee stappe van die kwalitatiewe navorsingsproses.

#### 1.9.5.1 Stap 11: Prosesseer en analiseer data en verifieer resultate

Die navorser moet die data prosesseer en analiseer. Die data moet geverifieer word deur die teoretiese perspektief van die studie. Dit is belangrik dat bevindinge deur data ondersteun word (Fouché & Delport, 2002: 91). Data–analise in kwalitatiewe navorsing is 'n ingewikkelde taak wat nie liniêr is nie en kreatiwiteit word van die navorser verwag.

Creswell (2003: 191 – 195) identifiseer die volgende stappe in data–analise:

- Organiseer en berei data voor. (Dit is gedoen deur vraelyste en onderhoude volgens datum te organiseer.)
- Lees data deur sodat 'n algemene beeld verkry word.
- Begin om die data te kodifiseer. Data word in kategorieë verdeel. (Hier is gekyk na watter tipe leemtes in bestaande riglyne bestaan en watter verskillende behoeftes bestaan.)
- Gebruik die kodifisering om kategorieë te beskryf. (Dit is gedoen deur sekere temas te identifiseer en te beskryf.)
- Daar moet vervolgens besluit word hoe die temas beskryf gaan word. Hier word verwys na die wyse waarop die beskrywing of bespreking van die navorsing gedoen gaan word. Visuele voorstelling van die inligting word ook gebruik.

- Die finale stap is die interpretasie van die betekenis van die data. (Die dataontleding en –prosessering is in hoofstuk 4 gedoen en deur literatuur geverifieer.)
- In hoofstuk 5 word gevolgtrekkings en aanbevelings gedoen. Die navorser het uit die triangulasie van data wat ingesamel is 'n raamwerk vir 'n assesseringsriglyn voorgestel. Creswell (2003: 194) verwys spesifiek na die voorstel van 'n model of riglyn wanneer gegronde teorie gebruik word.

Validasie van data is 'n deurlopende proses en is baie belangrik. Creswell (2003: 195) verwoord dit soos volg: *"Validity.....is seen as a strengh of qualitative research, but it is used to suggest determining whether the findings are accurate from the standpoint of the researcher,the participant, or the readers of an account."*

Cresswell (2003: 196) identifiseer die volgende agt strategieë wat gebruik kan word om die bevindinge te verifieer. Die navorser sal aantoon watter strategieë in die ondersoek van toepassing is.

- Triangulasie deur verskillende inligtingsbronne te gebruik. Die navorser het van verskeie inligtingsbronne gebruik gemaak, naamlik vraelyste, 'n fokusgroepbespreking en onderhoude.
- Kontroleer bevindings met respondente of deelnemers van/aan die navorsing. Die bevindings is in die vorm van 'n werkswinkel gedurende Junie 2004 met die respondente gekontroleer.
- Ryk, diep beskrywings wat in die vorm van die navorsingsverslag gedoen word.
- Klarifiseer die bevooroordeeldheid wat die navorser het, ten opsigte van die ondersoek.
- Gee negatiewe en teenstrydige inligting weer. Alle inligting wat verkry word, is weergegee.
- 'n Lang tyd moet in die veld spandeer word. Dié ondersoek is binne drie maande afgehandel en dus is daar nie 'n lang tydperk in die veld gespandeer nie.
- Portierontlonting. Die navorsingsproses is deurgaans met 'n kollega en medenavorser bespreek aangesien verifiëring 'n deurlopende proses is. Portierontlonting het as 'n klankbord gedien, sodat dit wat gebeur ook deur 'n verteenwoordiger van die gemeenskap bevraagteken word.
- Eksterne ouditeur. Die studieleier dr. Magdie van Heerden vertolk hierdie rol.

### 1.9.5.2 Stap 12: Skryf van navorsingsverslag

Die navorsingsproses word deur 'n navorsingsverslag gevolg waarin die navorsingsresultate weergegee word (Fouché & Delport, 2002: 91).
Die navorser hou by die voorskrifte soos deur die Universiteit van Suid-Afrika bepaal.

## 1.10 UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

‘n Aantal aspekte kan die uitvoerbaarheid van ‘n studie beïnvloed. Met hierdie ondersoek is die volgende aspekte in ag geneem om die uitvoerbaarheid te bepaal: Die navorsing is prakties maklik uitvoerbaar aangesien die onderwerp gekies is as gevolg van ‘n behoefte wat reeds in die praktyk bestaan. Die navorser is in diens van die SAVF en is deur die organisasie gevra om die behoefte aan ‘n assesseringsriglyn te ondersoek. Die teikengroep is al die maatskaplike werkers van die SAVF wat statutêre diens lewer. Die respondente was dus maklik bekombaar aangesien die navorser op ‘n gereelde basis direkte kontak met hulle het. Die volgende moet egter ook in ag geneem word:

### 1.10.1 VOORONDERSOEK

Die navorser kan deur die voorondersoek bepaal of die beplande navorsing uitvoerbaar is al dan nie. Die voorondersoek gee die navorser die geleentheid om genoeg agtergrondkennis te bekom van die probleem wat ondersoek wil word en homself te oriënteer ten opsigte van die beplande navorsing (Strydom, 2002b: 210). Volgens Neuman (1997: 141) dra ‘n voorondersoek verder by tot die geloofwaardigheid van navorsing. Dit bied ook die navorser die geleentheid om vorige navorsing te benut deur dit te dupliseer of daarop uit te brei of te verbeter – die nodige erkenning moet net daarvoor gegee word. 'n Voorondersoek is 'n afgeskaalde proeflopie van die navorsing. Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995: 70) definieer voorondersoek soos volg: *"Proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir ‘n beoogde ondersoek getoets word."* Die voorondersoek is ‘n integrale deel van die navorsing en het ten doel om die navorsingsprobleem presies te formuleer en die navorsingsproses tentatief te beplan (Strydom, 2002b: 210).

Die voorondersoek vir die studie het ‘n literatuurstudie, gesprekke met kundiges en toetsing van vraelys, onderhouds- en fokusgroepriglyn ingesluit.

#### 1.10.1.1 Literatuurstudie

Die literatuurstudie bepaal die betekenis van die navorsing aangesien dit die navorser op datum bring met bestaande kennis (Strydom, 2002b: 211). 'n Literatuursoektog wat 'n elektroniese soektog ingesluit het, met betrekking tot assessering, die kind, regsaspekte wat die kind raak, Gestaltbenadering, spelterapievorme, mediums en tegnieke, is voor die navorsing gedoen. Plaaslike bronne is beperk, maar internasionale literatuur is wel verkrygbaar. Literatuur uit verwante professies soos sielkunde, psigiatrie, regte, kuns en opvoedkunde het tot die uitvoerbaarheid van die ondersoek bygedra.

Assessering is ‘n baie spesifieke aspek binne maatskaplike werk en min vakliteratuur ten opsigte van assessering en assesseringsriglyne is beskikbaar. Dit het meegebring dat die onderwerp ook ondersoek is in literatuur van verwante professies soos sielkunde en psigiatrie.
Daar moes van historiese bronne gebruik gemaak word aangesien veral literatuur ten opsigte van Gestaltterapie ouer as tien jaar is. Die uitvoerbaarheid van die ondersoek word beperk deur die beskikbaarheid van resente Gestaltterapiebronne.

#### 1.10.1.2 Konsultasie met deskundiges

Om die navorsingsprobleem skerper te omlyn en om praktiese en tegniese inligting ten opsigte van die onderwerp te bekom, word die kennis van kundiges op die gebied van die navorsing bekom (Strydom, 2002b: 210). Daar is met kundiges gekonsulteer sodat ‘n meer holistiese beeld verkry kon word van bestaande kennis en struikelblokke in die praktyk.

- Onderhoude is gevoer met twee maatskaplike werkers in privaat praktyk in Polokwane wat die RP- model as assesseringsriglyn gebruik, naamlik mevv. S. Stander en E. Boltman wat beide gewys het op die leemtes in die bestaande model. ‘n Onderhoud is ook met mev. N. Stavast ‘n maatskaplike werker in diens van die SAVF Polokwane gevoer – sy gebruik ook die RP-model as riglyn vir assessering, en het sekere aspekte geïdentifiseer wat sy as leemtes in die model beskou.
- Onderhoude is gevoer met mevv. T. Wessels, M. Myburgh en T. van Rooyen, provinsiale bestuurders van die SAVF, wat gewys het op die behoefte aan 'n toeganklike assesseringsriglyn wat deur 'n teoretiese raamwerk gerugsteun word sodat dit verantwoordbaar is in die hof.
- ‘n Fokusgroepbespreking met supervisors in diens van die SAVF is in November 2003 gehou. Uit die bespreking het geblyk dat daar baie onsekerheid by maatskaplike werkers ten opsigte van die

assessering van kinders bestaan. Die behoefte aan 'n riglyn vir assessering tydens die statutêre proses het ook na vore gekom.

- 'n Onderhoud is met mev. G. Bekker, maatskaplike werker van die SAVF, gevoer wat besig is met haar doktorale studie in Spelterapie. Sy het 'n spelterapieprogram ontwikkel en het as leemte 'n assesseringsriglyn geïdentifiseer wat voor die program gebruik kan word.
- Onderhoude is ook gevoer met me. S. Snyman, Kommissaris van Kindersorg in Pretoria, mev. E. Hurter, Kommissaris van Kindersorg te Pietersburg, superintendent A. Pienaar van die SAPD en mnr. J. Böchner van die Justisiekollege ten einde wetlike vereistes en statutêre behoeftes te bespreek.
- Dr. J. P. Schoeman, dosent aan Hugenotekollege en kenner van Gestaltspelterapie, is gedurende November 2003 genader om die integrering van die Gestaltbenadering in 'n assesseringsriglyn te bespreek.

Uit hierdie gesprekke het dit duidelik na vore gekom dat daar spesifieke behoeftes rondom assessering bestaan. Alhoewel van die deskundiges in diens van die SAVF is, is nie een van hulle as respondent tydens die ondersoek gebruik nie.

#### 1.10.1.3 Voorlopige verkennende studie

'n Voorlopige verkennende studie is nodig sodat daar 'n oorsig verkry kan word ten opsigte van die praktiese aspekte van die navorsing. Volgens Strydom (2002b: 214) het die navorser hiertydens die geleentheid om die doel en doelwitte, hulpbronne, populasie, data-insamelingmetodes en selfs die data-insameling self na te gaan. In die ondersoek is 'n voorlopige verkennende ondersoek gedoen deur 'n literatuurstudie asook gesprekke met kundiges en persone in die praktyk wat kinderassesserings doen of versoek dat dit gedoen word.

#### 1.10.1.4 Studie van strategiese eenhede

Die studie van strategiese eenhede gee aan die navorser die geleentheid om terugvoer van respondente te bestudeer. Die navorser toets die meetinstrumente met 'n kleiner maar vergelykbare groep voordat die finale instrument in die werklike studie gebruik word (Strydom, 2002b: 214).

As deel van die voorondersoek is 'n fokusgroepbespreking gehou met supervisors in diens van die SAVF. Die doel van die bespreking was om vrae te identifiseer vir die fokusgroepbespreking met maatskaplike werkers in diens van die SAVF.

Twee respondente is gebruik om die toepaslikheid van die vraelys te toets. Hierdie respondente is in privaat praktyk en doen gereeld kinderassesserings en is nie tydens formele data-insameling betrek nie.

Aangesien semi-gestruktureerde onderhoude met kenners en rolspelers in die statutêre proses gevoer is, is die onderhoud aangepas soos die situasie vereis het en is daar nie vooraf 'n voorondersoek gedoen nie.

### 1.10.2 UNIVERSUM, AFBAKENING VAN DIE STEEKPROEF EN STEEKPROEFNEMING

- **Universum**

  Daar bestaan verskeie menings oor die verskil tussen die universum en die populasie. Strydom & Venter (2002: 198) verduidelik dit soos volg:

  > *Universe, refers to all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested. Population on the other hand, is a term that sets boundaries on the study units. It refers to individuals in the universe who possess specific characteristics.*

  Neuman (1997: 203) wys daarop dat die twee begrippe soms uitgeruil word.

  Die navorser stem saam met Strydom & Venter se omskrywing en sien alle maatskaplike werkers in Suid-Afrika as die universum. Die populasie vir hierdie ondersoek is die maatskaplike werkers in diens van die SAVF.

- **Afbakening van die steekproef en steekproefneming**

  Volgens Strydom & Venter (2002: 199) bestaan 'n steekproef uit elemente van die populasie en word die steekproef gebruik om sekere fasette van die populasie te beskryf. Daar word van nie–waar-skynlike seleksie gebruik gemaak. Die waarskynlikheid dat 'n lid van die bevolking in die steekproef ingesluit sal word, kan nie statisties bereken word nie. Daar is van beskikbare persone gebruik gemaak (Zaaiman, 2003: 35).

  - Vraelys:

    Ten opsigte van die maatskaplike werkers is daar van 'n steekproef gebruik gemaak, naamlik die maatskaplike werkers in diens van die SAVF wat statutêre diens lewer. Dit is

gedoen deur die vraelys aan al die maatskaplike werkers van die SAVF te versprei. Tans is daar 62 maatskaplike werkers in diens van die SAVF (SAVF, 2004: 5). Die steekproef het bestaan uit 42 maatskaplike werkers wat statutêre dienste lewer.

- Fokusgroepgesprek:

  Al die maatskaplike werkers in diens van die SAVF in die Limpopo-Provinsie wat statutêre diens lewer, is hierby betrek. Tans is daar tien maatskaplike werkers in diens van die SAVF in dié Provinsie (SAVF, 2004: 8).

- Onderhoude:

  Onderhoude is gevoer word met rolspelers binne die statutêre proses. Hier is van 'n doelgerigte steekproef deur middel van kriteria gebruik gemaak. 'n Doelgerigte steekproef is 'n steekproef wat totaal deur die navorser se oordeel bepaal word (Strydom & Venter, 2002: 207). Die volgende kriteria is gebruik, naamlik 'n persoon

  - in diens van 'n staatsdepartement wat 'n rolspeler in die statutêre proses is.
  - van enige geslag, taal of etnisiteit.
  - met langer as vyf jaar ervaring binne sy of haar spesifieke veld.

## 1.11 ETIESE ASPEKTE

Etiese aspekte is veral van belang tydens maatskaplike ondersoeke aangesien inligting nooit ten koste van die persoon bekom moet word nie (Strydom, 2002a: 62). Etiese riglyne moet dien as die wyse waarop die navorser sy optrede beoordeel. Strydom (2002a: 63 - 75) beklemtoon die volgende aspekte:

- Deelnemers moet nie te na gekom word nie
- Ingeligte toestemming is noodsaaklik
- Misleiding van deelnemers is onaanvaarbaar
- Verbreking van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid is ontoelaatbaar
- Aksies en vaardigheid van navorsers moet in ag geneem word
- Samewerking met ondersteuners is noodsaaklik
- Publisering van inligting moet kan geskied
- Ontlonting van deelnemers is nodig
- Professionele kode van etiek moet gehandhaaf word
- Etiese besluitneming moet geskied

Om aan te sluit by die riglyne, is die volgende gedoen:

- ‘n Skriftelike ooreenkoms (Bylaag 1) is met die SAVF aangegaan waarin toestemming verleen word dat die navorser die maatskaplike werkers mag gebruik as respondente tydens die navorsing.
- Ingeligte toestemming van respondente. Die navorser het respondente vooraf deeglik ingelig ten opsigte van die doel en aard van die navorsing, asook die tydsduur wat van hulle verwag sal word. Elke respondent het ‘n ingeligte toestemmingsvorm (Bylaag 2 en 3) onderteken om te bevestig dat hulle weet wat van hulle verwag word en dat hulle vrywillig aan die ondersoek deelneem en te enige tyd daarvan mag onttrek.
- Misleiding van respondente. Die navorser het die respondente met die aanvang van die ondersoek duidelik ingelig wat die doel van die navorsing is en hulle ook die geleentheid gegee om te kies of hulle deel wil wees van die studie.
- Vertroulikheid en privaatheid van respondente is nie werklik van toepassing in die studie nie aange- sien inligting wat versamel word nie persoonlik van aard is nie. Die vraelyste is egter anoniem beantwoord sodat respondente die vrymoedigheid gehad het om openlik en eerlik die vrae te beantwoord.
- Aksies en vaardigheid van navorser. Die navorser het daarop gelet om eties en professioneel korrek op te tree en nie haar posisie as bestuurder in die organisasie gebruik om inligting te bekom nie. Haar vaardigheid kan bevestig woord deur die 17 jaar wat sy as maatskaplike werker praktiseer waarvan sewe jaar in die posisie as maatskaplikewerkbestuurder is.
- Bekendmaking van inligting. In die vorm van ‘n finale navorsingsverslag vir eksaminering.

## 1.12 DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE

Die volgende hoofkonsepte word geïdentifiseer en soos volg omskryf.

### 1.12.1 ASSESSERING

In die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995: 4) word assessering soos volg omskryf: *“Proses van ontleding van die faktore wat die individu, gesin, groep of gemeenskap se maatskaplike funk-sionering beïnvloed of bepaal”.* Maatskaplike funksionering word omskryf as *“Geheel van 'n individu se rolvervulling op alle bestaansvlakke in wisselwerking met ander individue, gesinne, groepe, gemeenskappe of situasies”* (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995: 37).

Assessering word deur Gregory (2000: 33) as 'n proses beskou wat gebruik kan word om gedrag te voorspel: *"the entire process of compiling information about a person and using it to make interference about characteristics and to predict behavior".* Assessering sluit verskeie metodes in soos direkte waarneming, onderhoude, vraelyste en projeksies. Tydens die assesseringsproses word verskillende inligting wat bekom is, vergelyk en saamgevat. Die doel van hierdie proses is om inligting ten opsigte van 'n spesifieke probleem of situasie te bekom.

Ney (1995: 11) beskryf assessering as 'n proses waartydens inligting geïntegreer word: die inligting word deur die terapeut se kennisbasis sowel as sy persoonlike standpunte beïnvloed. Sy is van mening dat die volgende inligting verkry moet word: identifiseer en klarifiseer die probleem, wie betrokke is en wat hulle persoonlike eienskappe, eienskappe van die konteks en oorsaaklikheid is.

Die navorser definieer dus assessering vir hierdie ondersoek soos volg:

Gestaltassessering is die insameling van feite ten opsigte van die kind se huidige situasie en die invloed van ander aspekte vanuit die veld op die kind se huidige funksionering. Die terapeut maak gebruik van die kontakverhouding om hierdie proses van assessering te laat plaasvind.

1.12.2 RIGLYN

'n Riglyn word so deur die HAT gedefinieer (1994: 861): *"Reël waarvolgens gewerk, gehandel moet word. Riglyne aandui, bepaal."*

'n Assesseringsriglyn vanuit die Gestaltbenadering kan dus soos volg omskryf word:

'n Riglyn vir maatskaplike werkers wat Gestaltterapie as teoretiese verwysingsraamwerk gebruik. Die riglyn dien as aanduiding hoe te werk gegaan word met die assessering van kinders tydens die statutêre proses,

1.12.3 DIE KIND

Kind word in die Wet op Kindersorg (Wet op Kindersorg, 1998: 194) gedefinieer as: *" 'n persoon onder die leeftyd van 18 jaar."* Tydens hierdie ondersoek gaan daar op die kind in die algemeen, en spesifiek

op die kind binne die statutêre proses gefokus word, en nie op die kind in 'n bepaalde ontwikkelingsvlak nie.

Dit is belangrik dat die kind binne sy ontwikkelingsvlak geassesseer word. Ney (1995: 14) beklemtoon die belangrikheid van kennis van die kinderontwikkeling aangesien misbruik die kind se totale funksionering beïnvloed. 'n Kind word gewoonlik geassesseer wanneer hy trauma beleef het. Die kind se ontwikkelingsvlak is bepalend ten opsigte van die begrip en hantering van trauma. Alle kinders van dieselfde ouderdom sal nie dieselfde reageer in dieselfde situasie nie. Dit is belangrik om kennis te dra van ontwikkelingsvlakke van kinders sodat die terapeut kan weet of gedrag ouderdomsverwant is, of toegeskryf kan word aan trauma. Hewitt (1999: 41) bevestig die belangrikheid van kennis van die kind se ontwikkelingsvlak:

> *Development stages shape the manner in which a child perceives, stores, recalls and discloses abuse experiences, skills change dramatically during the first years of life. Without a good understanding of this – we cannot do an adequate job assessing these young children.*

Ouderdom en fisiese ontwikkeling bepaal nie alleen 'n kind se ontwikkelingsvlak nie, maar ook die kind se emosionele, sosiale en kognitiewe ontwikkeling. Die maatskaplike werker moet bewus wees van gedrag of optrede wat ouderdomsverwant kan wees, en dit wat ontoepaslik in 'n spesifieke ontwikkelingsvlak is.

### 1.12.4 DIE STATUTÊRE PROSES

Die statutêre proses word geskep deur die daarstel van howe, prosedures en strukture vir die beste versorging van die kinders deur die staat, insluitende om hulle veilig te akkommodeer in geskikte alternatiewe versorgingomgewings, die aanneming van kinders asook die daarstel van sekere oortredings wat teen kinders gepleeg kan word.

Die volgende wetgewing is van belang wanneer die kind by die statutêre proses betrokke is:

- Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 soos gewysig
- Wet op Seksuele Misdrywe, Wet 23 van 1957
- Wet op Films en Publikasies, Wet 65 van 1996
- Wet op Gesinsgeweld, Wet 116 van 1998
- Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld, Wet 133 van 1993

- Strafproseswet, Wet 51 van 1977
- Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996

(Family violence, child protection and sexual offence unit, 2003)

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk (1995: 61) definieer statutêre maatskaplike werk soos volg:

> *Gespesialiseerde gebied in die maatskaplike werk wat gerig is op die verbetering van die maatskaplike funksionering van individue, gesinne en gemeenskappe deur administratiewe prosedures toe te pas wat voorgeskryf is deur 'n geskrewe wet van 'n wetgewende liggaam.*

Die statutêre proses ten opsigte van die kind kan dus as die proses gesien word waar daar ingegryp word in die kind se lewe deur die gebruik van die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983 soos gewysig.

### 1.12.5 GESTALTTERAPIETEORIE

Gestaltterapie lê klem op die bestaan van die mens soos dit ervaar word eerder as op die verduideliking daarvan. Daar word nie van interpretasie gebruik gemaak nie.

Yontef (1993: 1) definieer die Gestaltterapie soos volg: *"It teaches therapists and patients the phenomenological method of awareness, in which perceiving, feeling, and acting are distinguished from interpreting and reshuffling pre-existing attitudes."* Klem word dus gelê op bewustheid wat as grondslag dien vir gedrag en gevoelens.

Om die proses van kontakmaking met die self binne terapie te laat plaasvind, is die bou van 'n terapeutiese verhouding baie belangrik. In die bou van die verhouding vind die verhoging van die kind se bewustheidsvlak plaas. Dit gee aanleiding daartoe dat die interaksie tussen die aspekte van sy funksionering en sy sensoriese vlakke verhoog word, wat belangrik is in die assesseringsproses van die kind (Schoeman, 1996a: 29).

## 1.13 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag is in vyf hoofstukke ingedeel:

- Hoofstuk 1: Algemene oriëntering.

- Hoofstuk 2: Literatuurstudie: assessering, die kind, en die statutêre proses.
- Hoofstuk 3: Gestaltterapie as teoretieseverwysingsraamwerk vir assessering.
- Hoofstuk 4: Empiriese navorsing.
- Hoofstuk 5: Algemene gevolgtrekkings en aanbevelings.

## 1.14 SAMEVATTING

Tydens hofondersoeke tree maatskaplike werkers as deskundige getuies op en moet uitsprake ten opsigte van die kind se leefwêreld en sy verhoudings gemaak word. Die maatskaplike werker kan alleen hierdie inligting bekom deur die kind te assesseer. Praktykervaring het die navorser geleer dat maatskaplike werkers nie altyd oor die vermoë beskik om die nodige assessering te doen nie. As gevolg van eise in die praktyk word druk op maatskaplike werkers geplaas om kinders op 'n verantwoordbare wyse te assesseer .

Die ondersoek is gemotiveer deur die volgende aspekte:

- SAVF-statistiek bewys dat maatskaplikedienslewering ten opsigte van kinders jaarliks toeneem.
- Omdat kinders nie noodwendig vir ander vertel wat en wie hulle traumatiseer nie, neem die behoefte aan assesserings toe, aangesien assessering die metode is waardeur inligting bekom kan word. Tydens alle handeling met kinders word die belang van die kind, soos deur die Grondwet vereis, vooropgestel.
- Wanneer die kind geassessseer word, is dit noodsaaklik om begrippe, konsepte en optrede teoreties te verantwoord. Slegs wanneer die assesseringsriglyn deur 'n teoretiese verwysingsraamwerk gerugsteun word, is daar wetenskaplike verantwoording.
- Deskundiges het leemtes in bestaande assesseringsriglyne geïdentifiseer en te kenne gegee dat hulle bepaalde behoeftes ten opsigte van assessering het.

Die navorser is van mening dat Gestaltterapie die nodige verwysingsraamwerk vir assessering kan bied en sodoende die leemtes en behoeftes van maatskaplike werkers kan ondervang. Indien nie voldoen word aan hierdie aspekte nie, word die kind benadeel tydens die statutêre proses.

Deur hierdie studie wil die navorser dus moontlike leemtes wat in bestaande riglyne is, asook die behoeftes wat by maatskaplike werkers bestaan as gevolg van 'n gebrek aan kennis en vaardighede, bepaal.

Om hierdie doel te bereik, is hoofsaaklik van die kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak wat deur kwantitatiewe data ondersteun is. Toegepaste navorsing is gebruik omdat ‘n praktiese probleem aandag geniet het, naamlik behoeftes en leemtes ten opsigte van assessering. Hierdie ondersoek is gedoen omdat daar min kennis rondom die leemtes en behoeftes van maatskaplike werkers in die praktyk ten opsigte van assessering bestaan, en dit kan as verkennende of ondersoekende navorsing beskryf word. Die navorsingstrategie wat gevolg is, is gegronde teorie aangesien daar vanuit ‘n reeds bestaande teoretiese raamwerk gewerk word. Die Gestaltteorie is veralgemeen eerder as getoets.

Inligting is ingewin deur ‘n literatuurstudie waartydens assessering, die kind, die statutêre proses en Gestaltterapie bestudeer is; ‘n gestruktureerde vraelys deur die maatskaplike werkers van die SAVF wat statutêre diens lewer, ingevul is; ‘n semi-gestruktureerde fokusgroepbespreking met maatskaplike werkers as ook twee semi-gestruktureerde onderhoude met rolspelers in die statutêre proses gevoer is. ‘n Vooronderso ek het die navorsingsproses voorafgegaan. Tydens die vooronderso ek is ‘n literatuurstudie gedoen, gesprekke met kundiges gevoer en die vraelys en onderhouds- en fokusgroepriglyn is getoets. Die universum was al die maatskaplike werkers in Suid-Afrika en die populasie was maatskaplike werkers in diens van die SAVF. Vir die steekproef het al die maatskaplike werkers in diens van die SAVF wat statutêre diens lewer as steekproef gedien. Die statutêre maatskaplike werkers in die Limpopo-Provinsie het as steekproef vir die fokusgroepbespreking gedien. Met ‘n doelgerigte steekproef is twee rolspelers binne die statutêre proses geïdentifiseer.

Die volgende hoofkonsepte is geïdentifiseer en gedefinieer: assessering, riglyn, die kind, die statutêre pro-ses en Gestaltterapieteorie.

In hoofstuk 2 word assessering van die kind in die statutêre proses bespreek.